# Die Drie-eenheid, Christus en die Gees

INLEIDING TOT PINKSTERREEKS VIR 2009

SKRIFLESING: Joh 16:5-15

INLEIDING
Die woord "**Drie-eenheid"** kom nêrens in die Bybel voor nie. Die Jode en die Moslems en die Jehovagetuies verstaan dit verkeerd en **beskuldig** christene daarvan dat ons in *drie gode* glo. Baie lidmate vind dit ook heeltemal *onverstaanbaar.*
Die **vraag** is: As dit dan so misverstaan word en so moeilik is om te verstaan, *waarom bely* ons dit nog? Waar kom ons *daaraan*? Wat *bedoel* ons daarmee? En waar *pas* die Heilige Gees in?

1. GOD IS EEN
Eerstens leer die Bybel natuurlik baie duidelik dat daar net EEN God is (Deut 6:4). Ons glo dit ook. Die verwyt dat ons in drie gode glo, is dus hoegenaamd nie waar nie.

2. GOD IS OOK DRIE
Ons lees egter in dieselfde Bybel dat hierdie een God Hom as DRIE PERSONE openbaar, naamlik die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Dit is een-en-dieselfde God wat Homself aan ons bekend stel as God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. (Matteus 3:13-17; 28:19).
DIT is dus waar ons daaraan kom! Ons kry dit **uit die Bybel**. Dit is nie iets wat ons self uitgedink het nie. Wie nie die Drie-eenheid aanvaar nie, moet of in drie gode glo, of ontken dat Christus en die Heilige Gees ook God is. Laasgenoemde is die geval met die Jode, Moslems en Jehovagetuies: Hulle ontken dat Christus en die Heilige Gees **goddelike persone** is.

3. NIEMAND KAN DIE GROTE GOD "KLEIN KRY" NIE
Ons **menslike verstand** kan nie die Drie-eenheid kleinkry nie. Dit is ook **te verstane**, want ons is mense en God is veel groter as ons. Hoe kan 'n kleine mens nou ooit die grote God wil "klein kry"?!
Dalk kan **'n paar VOORBEELDE** ons tog help om dit ietwat meer verstaanbaar te maak: (1) **Dieselfde man** kan drie persone wees – die eggenoot van sy vrou, die pa van sy kinders en die broer van sy suster. Hy is dus drie-in-een. (2) **Water** se chemiese formule is $H_2O$. Water kan 'n gas (stoom) of 'n vaste stof (ys) of 'n vloeistof (lopende water) wees. Al is hierdie drie verskillend, is al drie tog een, nl $H_2O$.
Die Vader is God, die Seun is God en die Heilige Gees is God. Hulle is een in **wese**. Maar die Vader IS NIE die Seun nie en ook nie die Gees nie, en omgekeerd. Hulle kan **nie geskei** word nie, maar hulle **kan wel ONDERskei** word. 'n Mens kan miskien onderskei deur te sê die Vader is God BO ons, die Seun is God BY ons en die Gees is God IN ons. Hoewel ons onderskei tussen die **eerste, tweede en derde** Persoon van die Drie-eenheid, is die een **nie belangriker** as die ander nie. Daar is m a w nie **'n rangorde** tussen hulle nie. Daar is ook nie 'n **tydsorde** asof die Vader eerste daar was en toe het die Seun gekom en daarna het die Heilige Gees op die toneel verskyn nie. Al drie is *van ewigheid* af daar.

Op die ou end **moet ons erken** dat ons nie aan hierdie belydenis vashou omdat dit vir ons alles verstaanbaar maak nie, maar omdat God hom so in die Woord aan ons bekend gestel het. Ons praat maar net sy Woord na, ons kan nie anders nie.
Maar DIT is die God met wie ek en jy daagliks in '**n liefdesverhouding** leef. Ek het God die Vader lief omdat Hy vir my *sorg*. Ek het God die Seun lief omdat Hy my van my sonde kom *verlos* het. Ek het God die Heilige Gees lief omdat Hy ons *Helper* is.

Ons wil dan tydens vanjaar se Pinksterreeks juis **hierby stilstaan**: Wat is dit wat die Heilige Gees doen? Waar pas Hy in? Die **antwoord** hierop gaan 'n defnitiewe verskil maak aan ons verhouding met Hom.

4. DIE HEILIGE GEES IS VIR ONS VOORDELIG
Hoekom het Jesus byvoorbeeld vir sy dissipels gesê dat dit **voordelig** is dat Hy weggaan en dat die Heilige Gees in sy plek na hulle toe kom? (:7)
Hy noem die Heilige Gees die **Voorspraak**. In Grieks *Parakletos*. Hierdie woord is in die vorige vertaling met *Trooster* vertaal. Dit het ook die betekenis van *Advokaat,* van *Helper*, *Raadgewer*, van *Een wat langs jou kom staan*. Dis mos 'n **wonderlike voordeel en voorreg** om so Iemand permanent aan jou sy te mag hê!
Ons sal **vorentoe** in meer besonderhede ingaan op wat Hy alles doen, maar op hierdie stadium wil ek net daarop wys dat Hy gekom het om **Christus se werk te kom voortsit.** Hy het gesorg dat alles nie met Jesus se Hemelvaart *tot stilstand* gekom het nie; dat alles wat Hy tot stand gebring het, nie weer *in duie stort* en die wêreld maar weer is waar dit voor Sy koms was nie. Inteendeel, Hy neem dit *verder*. Dit wat Christus vir ons BEwerk het, werk Hy verder UIT.
Hy het gekom om die mense **te oortuig** dat hulle Jesus as Verlosser *nodig* het omdat hulle sondaars is en hulleself nie kan red nie (:8). Hy is die Een wat mense **ontvanklik maak** vir die boodskap van Verlossing en hulle die **geloof gee** om dit aan te neem. HOE doen Hy dit? Hy doen dit deur **die Woord**. Hier staan, Hy het gekom om ons *in die waarheid te lei*. (:13) Hy gee ons *insig* in wat die Bybel leer. Hy is ook die Een wat ons die *krag* gee om dit uit te leef. Hy laat ons deel in die *oorwinning* van Christus (:33). So werk Hy UIT wat Christus BEwerk het.

5. BEELDE VIR SY WERKING
Daar is veral **drie beelde** in die Bybel wat vir sy werking gebruik word wat ons help om dit beter te kan verstaan. Hoe sing Danie Niehaus: *"Dis wind, dis vuur, dis water ..."*

**5.1 Wind:** Joh 3:8 – Jesus vir Nikodemus: *"Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waarheen hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is."* Op Pinksterdag was daar 'n **geluid** uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind wat die hele vertrek gevul het (Hand 2:2). Die Heilige Gees werk soos 'n wind wat *onsigbaar* en *onverklaarbaar* en *onstuitbaar* deur mense waai. 'n Mens kan nie die wind **sien nie** – of wie dink hy het al die wind gesien? Wat ons wel kan sien, is die wind se *uitwerking* – blare wat roer, seile wat bol staan ens. Al kan mens nie die Heilige Gees sien nie, kan jy *sy uitwerking* sien. Dink byvoorbeeld aan die *gawes* en die *vrug* van die Gees in mense se lewens.
Is dit nie **baie nodig** dat ons spesiaal in hierdie Pinkstertyd *ernstig en eendragtig* sal kom saambid dat die Heilige Gees soos 'n kragtige wind deur die wêreld sal waai en 'n magtige uitwerking tot gevolg sal hê nie?!

**5.2 Vuur:** Ons lees tweedens in Hand 2 hoe dat die Heilige Gees **in die gestalte van vuur** op die gelowiges neergekom het en hul *lewens aan die brand* gesteek het. Hierna was hul lewens *totaal nuut*. Hulle het *baie verander*. Almal kon die verandering *sien*. Die gevolg was dat hulle 'n *groot invloed* op ander gehad het. Ons lees dat 3 000 mense daardie dag tot bekering gekom het en daarna het die getal elke dag aangegroei.
**Na Pinksterdag** het die vlam van God se Gees soos 'n **veldbrand** oor die wêreld versprei en al wyer uitgekring. Vanaf Jerusalem is die hele bekende wêreld uiteindelik aan die brand gesteek.
Die Heilige Gees **brand** die sonde in jou lewe weg en **steek** ook die wêreld om jou aan die brand. Die Heilige Gees in ons laat ons soos 'n **stralende lig** in die donker wêreld skyn. Dit is wat **baie nodig** is en wat moet gebeur in ons dag – dat christene hulle lig sal laat skyn.

**5.3 Water:** Ons lees derdens meermale in die OT dat die koms van die Heilige Gees aan die beeld van water uit die hemel gekoppel word (Jes 43:18-21, 44:3-5; Eseg 47). Waar hierdie water vanuit die hemel gestort word, vind **wonderlike veranderinge** plaas. Die eens *droë, kaal woestynwêreld* verander in 'n *pragtige groen tuin* waar daar baie vrugte is.
Die beeld van die water herinner ons dat die Heilige Gees nuwe lewe bring. Hy is 'n **Gees van herlewing**. (Lees Jes 44:3-5).
In die NT in Joh 7:37-39 verduidelik Jesus dat die Heilige Gees 'n mens se lewe op so 'n manier kom vul dat jy soos **'n fontein van lewende water** word. (lees) Die lewende water *les nie alleen JOU dors* en dit vervul nie alleen JOU diepste geestelike behoeftes nie. Nee, die lewende water is die simbool van *nuwe blydskap en liefde* wat 'n hart **so vol maak** dat dit *oorloop na ander* mense toe om ook *hulle* harte en lewens te vul en te verander. Dit word soos 'n fontein wat borrel en oorloop na mense rondom jou

SAMEVATTING
Geliefdes, u kom seker agter hoe 'n **belangrike rol** die Heilige Gees in ons lewens kan en wil en behoort te speel.
Maar **gebeur** dit?
Miskien nie - omdat ons Hom **afskeep,** of omdat ons Hom nie goed genoeg **ken** nie.
Kom ons **gebruik die kans** wat ons hierdie week kry om Hom beter te leer ken en ons verhouding met Hom op te knap.
Kom **bid saam** dat Hy weer die *vuur* in die gemeente sal aansteek; dat Hy ons 'n fontein van *lewende water* sal maak en dat Hy soos 'n vars bries deur ons en deur die wêreld sal waai!

Amen
24 Mei 2009